# *Antropologiese Wetenskappe en die beeld van God*



**Prof. H. G. Stoker:** Lid van die redaksie van Desember 1937 tot Maart 1945 en weer van Augustus 1950 tot Oktober 1952. Hoofredakteur van Desember 1952 tot Junie 1955.

DIE volgende gedagtes skryf ek neer na aanleiding van die belangrike teologiese studie van prof. dr. G. C. Berkouwer "**De Mens en het Beeld van God.**"[1]) Van wysgerige kan het hierdie tema al vir jare my belangstelling geniet, veral die vraag of nie die onderskeie wetenskappe aangaande die mens[2]) in hul betrokke grondidee die „beeld van God" tot sy reg behoort te laat kom nie — aan die een kant in wisselwerking met die teologie, en aan die ander kant volgens wat in hul betrokke velde van ondersoek geopenbaar is.

Die „beeld van God" neem ek hier in sy ruimste sin volgens die veronderstelling dat dit waarin die mens in mees fundamentele sin van die dier onderskeie is, juis dit is waarin hy 'n ooreenstemming met God het. As dié veronderstelling waar is, dan behoort hierdie visie 'n leidende en fundamentele rol te speel in die bou van die wetenskappe aangaande die mens.

* * *

Tussen 'n groot aantal tipes van relasies kan onderskei word, w.o. bv. kwantitatiewe, kwalitatiewe, ruimtelike, tydelike, kousale, ekonomiese, logiese en strukturele relasies. Een hiervan is die relasie van **ooreenstemming.**

Relasies hang nie in die lug nie, maar bestaan in verband met die „dinge" waarvan hulle relasies is. Hierdie „dinge" noem ons die steunpunte van die relasies. Bv. in „Potchefstroom is suid van Pretoria" is Potchefstroom en Pretoria die steunpunte van die relasie: „suid van". Steunpunte kan gelyksoortig (homogeen) en ongelyksoortig (heterogeen) wees. **Identiteit**[3]) is 'n ooreenstemming met gelyksoortige steunpunte; bv. die relasie in: Totius is 'n digter. **Analogie** is 'n ooreenstemming met ongelyksoortige steunpunte; bv. die relasie van mnr. X. en sy portret.

* * *

God en mens is in die mees fundamentele sin radikaal onderskeie. God

is o.a. die algenoegsame alwyse almagtige absoluut soevereine Skepper van en Wetgewer vir álles wat Hy geskape het. Die mens daarenteen is 'n radikaal afhanklike onselfgenoegsame aan die wet van God onderworpe skepsel. Tog is daar tussen God en mens ooreenstemming. Maar weens die fundamentele verskil tussen God en mens is die ooreenstemming geen (totale of parsiële) identiteit nie, maar 'n analogie[4]). In hierdie analogie wil ek die beeld van God in die mens sien.

* * *

God is Gees; die mens het gees. God is Liefde; die mens het lief. God is absolute Heerser oor alles wat bestaan; Hy gee aan die mens die kultuurgebod: „heers!". God skep iets wat in radikale sin nie daar was nie („iets uit niks"); die mens is in betreklike, kreatuurlike sin ook skepper, want hy bring deur omvorming en verwerking ook iets nuuts tot stand: uit klanke in die lug maak hy taal en musiek, uit kopererts muntstukke, uit marmer 'n kunsbeeld, van wol truie, ensovoorts. Dergelike voorbeelde van 'n beeldskap Gods kan met nog baie verryk word.

My stelling wil ek in die geval van twee vakwetenskappe, die ekonomie en die taalwetenskap, adstrueer. Ons moet egter onthou dat vir elk van beide slegs 'n betrokke faset van die beeld van God gegee word, en dat alle onderskeibare fasette nie geïsoleer mag word nie van die totale beeld van God in die mens as eenheid, nl. die wat in sy Koningskindskap tot uitdrukking kom.

* * *

Waarin is die mens as hy ekonomie bedrywe[5]) die beeld van God?

Verskillende roepings van die mens[6]) het elk 'n spesifiek eie interne bestemming. Die kunstenaar vind in sy kunsskepping 'n spesifiek interne bestemming, en die wetenskaplike in die beoefening van die wetenskap; so ook vind die gemeente sy interne bestemming in die erediens om gesamentlik God te aanbid, te loof en te dank, na Sy Woord te luister en die Sakramente te gebruik.

Daarenteen het die ekonomiese bedryf primêr 'n eksterne[7]) bestemming. Die mens in hierdie kring vervaardig goedere wat ander kringe nodig het om hul spesifiek interne bestemming te verwesenlik. Aan die gemeente verskaf hy Bybel-boeke, psalm- en gesangboeke, doopfonte, nagmaalbekers, orrels, kerkgeboue en veel meer; aan die kunstenaar verskaf hy o.a. penseel, verf en doek; en aan die wetenskaplike verskaf hy papier, ink, lineale, weegskale, mikroskope, teleskope en ek weet nie wat al nog meer nie. Aan die algemene lewenskring verskaf hy o.a. kos en klere.

God het Sy skepping aan die sorg van die mens toevertrou. Ook die ekonomiese kring-sorg. Maar sy spesifieke sorg is om aan ánder kringe te verskaf wat hulle vir hul betrokke spesifieke take nodig het. M.a.w. die mens in die ekonomiese kring maak voorsorg; hy voorsien die ander kringe van die nodige. Is hy as voorsorg-makende, as voorsiénende, nie die beeld van God as die Voorsieninge nie?

Ekonomie as voorsiening aan ander kringe van die nodige, as goedere verskaffende voorsorg,[8]) is diens. Beteken dit nie dat die fundamentele motief van

die ekonomiese handeling diens en nie wins[9]) is nie?

Voorsorg, voorsiening van die nodige is verantwoordelik. Beteken dit nie dat mens ekonomiese sorg nié aan die „toeval", d.w.s. aan bv. die willekeur van onbeplande vraag en aanbod behoort oor te laat nie, maar behoort te beplan?

Ekonomiese bedrywigheid is voorsiening van die nodige. Hierdie nodige word bepaal deur die take en bestemming van die betrokke kringe. M.a.w. die ekonomiese handeling mag nie humanisties opgevat word en bv. as uitsluitelike bevrediging van menslike behoeftes beskou word nie. Dit gaan nie net om die mens nie, maar om die roeping (die take) wat God aan die mens stel, waarvoor die ekonomiese kringe die nodige goedere moet verskaf.

Slegs dit wat vir die betrokke take nodig[10]) is, sal die mens in die ekonomiese kring verskaf. Dit is positief gestel en m.i. beter en dieper as die negatiewe bepaling dat ekonomie op skaarse goedere betrekking het.

Die goedere waarvan die ekonomie die ander kringe voorsien, gebruik daardie kringe as middele waarmee hulle hul betrokke take behartig. Ekonomie so gesien is middele-verskaffende voorsorg. 'n Middel staan onder die middele-wet: dit behoort aan die betrokke doel te beantwoord. Hiermee word sowel die verskaffing van te veel as van te min middele en ook van ongeskikte middele veroordeel; en hiervan kan weer afgelei word die bekende ekonomiese wet, nl. om met minimale energieverbruik maksimale werk te verrig[11]).

Maar genoeg.

Is dit verkeerd gesien om op hierdie wyse die beeld van God, die Voorsienige, in die grondidee van die mens in die ekonomie tot sy reg te laat kom en 'n leidende rol toe te ken sowel in die wetenskap van, as in die taak van die ekonomie?

* * *

Waarin is die mens as taal-wese die beeld van God?

Ons kan van taal verskillende „momente" onderskei, 1a. die heenwysende (deiktiese) en 1b. die uitdrukkende (ekspressiewe); 2a. die individuele en 2b. die sosiale; 3a die sintuiglik waarneembare en 3b. die sin (betekenis); en 4a. benoeming (naam) en 4b. spreke (sin). Daar is nog meer „momente" van taal.

Die heenwysende en ekspressiewe „momente" van taal is onvoldoende om te bepaal wat taal is; want ons tref hierdie „momente" ook aan by diergeluide en by ander aktes en funksies van die mens as taal. Dieselfde geld mutatis mutandis van die individuele en sosiale momente van taal.

Taal word waargeneem; bv. gehoor[12]). Maar diergeluide en ander geluide wat die mens maak word ook waargeneem. Menslike taal-klanke is egter wel iets besonders op grond van die innerlike verband van taalklank (foneem) met taal-sin of -betekenis (die semantiese). Maar ook die analise hiervan veronderstel taal, maar sê nog nie wat presies taal is nie.

Nader aan die bepaling wat taal is, kom benoeming en spreke. As die mens „iets" benoem (naam gee), ken hy aan die „iets" 'n eienskap toe. Die eienskap behoort dan aan die „iets"; dit is sy naam[13]). Die mens kan so te sê aan

enigiets name gee, bv. aan wat hy sintuiglik waarneem (roos, tafel); aan wat hy belewe (blydskap, honger); aan verbeeldingskonstruksies (meermin, sentour); aan abstrakte gedagtes (snelheid, geestigheid); ensovoorts; dus aan enig iets wat hy ontwaar. Wanneer die mens die naam van iets los van sy draer (die „iets") stel en gebruik, ontstaan die woord. Die woord beteken dít waarvan die naam eienskap was. Die woord is as sodanig simbool vir die betrokke iets.

Die mens spreek. Die eenvoudigste gegewe van spreke is die sin. Om te spreek (dus vir sy sinne) maak die mens van woord gebruik. Maar met sy spreek voeg hy iets nuuts daaraan toe. Spreke (en dus sinne) is meer en iets anders as 'n bv. meganiese aaneenskakeling van woorde. Wat bykom is veral artikulasie[1]); en dit maak taal meer en iets anders as simbool. Sin en woord is in taal innerlike verbind, maar is net so min tot mekaar herleibaar as spreek en benoem.

Deur die gegewe agt (en ander) „momente" van taal te onderskei het ons nog nie dit in hande wat taal tot eenheid maak nie, tot daardie geheel waarin die betrokke momente hul aangewese plekke het en rolle vervul.

Wat doen die mens as hy taal vorm, resp. gebruik? Laat ons eers vra wat hy doen as hy nie taal gebruik nie? In die laaste geval swyg hy; in die eerste geval openbaar hy iets[1]). Die mens kán d.m.v. hoorbare klanke (foneme) met betekenis (die semantiese) tot openbaring bring wat hy „om" en „in" hom ontwaar: sy waarnemings, sy wense, sy gevoelens, sy wil, sy gedagtes, ensovoorts. Sou die eenheid van taal nie kon wees openbaring d.m.v. hoorbare klanke met betekenis, openbaring van enigiets wat hy ontwaar, heenwysende en uitdrukkende openbaring, openbaring met sy taals individuele[15]) „momente", en benoemende asook sprekende openbaring? Maar God kon ook geswyg het. Hy het egter nie geswyg nie, maar Homself en wat Hy geskape het aan die mens geopenbaar. Sou die mens met sy taalvorming en taalgebruik nie die beeld van God as Openbaarder wees nie?[16])

* * *

Sou dit verkeerd wees om te verwag dat elke wetenskap aangaande die mens sal deurdring tot daardie faset van die beeld van God (wat nooit van die hele beeld van God in die hele mens geïsoleer mag word nie), wat sy besondere veld van ondersoek vereis? Afgesien van die positiewe wat sodanige sieninge bied, voorkom 'n derglike visie 'n denaturering van die mens tot iets minder as die mens (naturalisme, materialisme, vitalisme, evolusionisme, ens.), want die mens is beeld van GOD; maar voorkom dit ook 'n vergoddeliking van die mens (al die vorme van humanisme), want die mens is BEELD van God.

☆

**OPMERKINGS.**

Ek wou my vraag so eenvoudig en oorsigtelik as moontlik adstrueer. Daarom het ek onderstaande opmerkings nie in die teks geïnkorporeer nie. Tog moet ek hulle gee om moontlik misverstande te voorkom, asook om enkele ander redes.

1). **Dogmatische Studiën**; Kok, Kampen; 1957. Hierdie besonder waardevolle stu-

die van Berkouwer verdien om in **Koers** indringend bespreek te word, nie alleen om die positiewe verdieping wat dit bied nie, maar ook om bedenkinge teen enkele van sy insigte wat hier en elders in ons land gekoester word, bedenkinge wat ek ook deel. Van sy kant sal Berkouwer wel ernstige bedenkinge koester teen wat ek hier gegee het.

2). Waaronder wysgerige antropologie, sosiologie, staatkunde, sielkunde, etiek, taalkunde, ekonomie en talryke ander.

3). „Identiteit" word hier nie uitsluitlik in wiskundige sin bedoel nie.

4). Hierdie opvatting van analogie het niks te doen met die Rooms-Katolieke analogie-begrip nie.

5). Dit sluit in produksie, distribusie en aanvaarding.

6). Al die onderskeie roepings resp. take van die mens is onderling verbind en staan (apart en in onderlinge verbondenheid) in diens van God.

7). Om goedere te vervaardig net om goedere te vervaardig is absurd.

8). Ons het hier net die ekonomiese kring as 'n besondere kring op die oog. Binne ander kringe, gekwalifiseer deur bestemming en fundering van daardie kringe, word ook die ekonomiese aangetref (bv. in gesin, staat en kerk); maar hierdie aspekte het ek hier nie op die oog nie. Hulle kan eers behandel word nadat suiwer gestel is wat met die ekonomiese as sodanig bedoel is. Ook het die ekonomiese kring interne bestemming, maar dit is gesubordineer aan sy eksterne bestemming, waardeur die ekonomiese eers die ekonomiese word. Wat die modale interne bestemming betref — Dooyeweerd noem dit waardes vereffende spare — kan ek hier nie behandel nie.

9). Wins speel natuurlik 'n rol in die ekonomie. Maar die winsmotief behoort aan die diensmotief gesubordineer te word. Bv. as loon en op grond van interne voorsorg het wins bestaansreg.

10.) Lug hoef die ekonomiese kring nie te verskaf nie, tensy in die vorm van bv. suurstof vir bv. hospitale en duikbote.

11). Volgens die gegewe visie van ekonomie as voorsorg kan talryke ekonomiese norme gevind en opgestel word, en hieraan gesubordineer norme vir die interne bestemming van ekonomie.

12). Taal word oorspronklik gehoor. Daarvan afgelei kry ons tale wat gesien en getas kan word. Vergelyk in hierdie opsig gespreekte taal, geskrewe taal, fonetiese taal, snelskrif, vingertaal, brailleskrif, Morse-kode-taal ensovoorts.

13). Vgl. my artikel in **Koers** XI, 4 en 5: **Die naam van die mens.** Die hier gegewe insigte oor naam en benoeming is latere insigte.

14.) In hierdie verband moet ek verwys na die oorspronklike taal-teorie van prof. F. J. Labuschagne; vgl. **Koers,** XXIV, 2: **Die ontstaan of wording en wese van taal.** Al verskil die visie wat ek van taal het in verskillende opsigte van die van Labuschagne, beskou ek van besondere betekenis o.a. sy siening van die rol van artikulasie in die menslike vorming van taal.

15). Taal is nie net mededeling nie, bv. as ek taal gebruik om my gedagtes te formuleer. Taal is individueel insover elkeen op sy wyse openbaar wat hy ontwaar (waarneminge, wense, gevoelens, wil, gedagtes, ens.). Maar die benoeming en woordvorming is oorwegend konvensioneel (sosiaal) en tog objektief georiënteerd insover name (watter name konvensioneel ook al) as eienskappe aan „dinge" toegeken word en (los gestel van dinge gebruik) as woorde daardie selfde „dinge" (oorspronklik) beteken; (oorspronklik weens nuwe woordvorming van bestaande woorde).

16). Volgens die visie van taal as openbaring (wat by die mens juis toerekenbaar en verantwoordelik is) kan verskillende taalnorme opgestel word en wel in onderskeid van logiese norme, want die linguale verskil van die logiese en openbaar meer as net die ontwaarde logiese.

Verder kan beweer word dat bv. kuns ook menslike openbaring is, en wel waarneembare openbaring van iets met betekenis. Die verskil tussen taal en kuns is, dat taal openbaring is van die ontwaarde as ontwaarde, terwyl die kuns die openbaring is van die ontwaarde skone as skone. M.a.w. by kuns lê die klem op die skone, maar by taal op die openbaring van die ontwaarde as sodanig.

H. G. STOKER